HESSEQUA MUNISIPALITEIT

NOTULE

SPESIALE RAADSVERGADERING

WOENSDAG 15 FEBRUARIE 2012
OM 14:30

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Speaker heet almal welkom en Rdl J Merkeur open met gebed.

2. KONSTITUERING / AANSOEKE OM VERLOF

2.1 Teenwoordig

Lede	Amptenare
Rdl A Hartnick Rdl D Abrahams Rdl FC Carelse Rdl PR Claassens Rdl L Fourie Rdl ME Dayimani Rdl LC February Rdl F Hartnick Rdl R Johannes Rdl J Merkeur Rdl E Nel Rdl EJ Prins Rdl CAE Prins Rdl A Stroebel Rdl CP Taute	Mnr J Jacobs Me L Viljoen Me M Vermeulen Me M Adams (notuleerder)

2.2 Verskoning / Verlof

Geen

3. MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER

Geen

4. SAKE VIR BESPREKING

Mnr J Jacobs word verskoon van die vergadering.

4.1 AANSTELLING VAN MUNISIPALE BESTUURDER

File Number / Verwysings Nommer

4/3/2

Meeting Date / Datum van Vergadering

2012-02-15

Report By / Verslag Deur

WNDE BESTUURDER MENSLIKE HULPBRONNE

BESPREKING

Die Speaker lees die item voor.

Rdl E Dayimani vra vir 5 minute koukus en dit word toegestaan deur die Speaker.

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

Die vergadering word voortgesit om 14:36

Die ANC koukus voel dat hulle mislei was aangesien die item as “Vertroulik” gemerk was en hulle gedink het die vergadering gaan in komitee plaasvind. Hulle was onder die indruk dat die lede van die publiek nie toegang het tot die Raadsvergadering nie en dat die ANC Koukus vandag deel is van ‘n vergadering waar niemand buite weet dat hier vandag ‘n Munisipale Bestuurder aangestel gaan word nie.

Rdl A Hartnick wil ook weet waar die Raadsvergadering geadverteer is.

Die Speaker verdaag die vergadering vir 5 minute om’n regsopinie te verkry.

Die Speaker vra verskoning omdat die vergadering vir langer as 5 minute verdaag was en dat hy nog wag vir ‘n antwoord vanaf sy regsadviseur en verdaag die vergadering vir verdere 10 minute.

Die vergadering word voortgesit en die Speaker deel die vergadering mee dat die kennisgewing van die Raadsvergadering op die kennisgewingbord opgesit is en dat dit ge-epos na al die Munisipale Kantore om op hulle kennisgewingborde te sit en dat in die kennisgewing is daar geen aanduiding dat die vergadering vertroulike items bevat nie.

Rdl E Nel maak ‘n voorstel dat die woord “Vertroulik” geskrap word in die agenda.

Rdl J Prins sekondeer

Rdl A Hartnick versoek dat die ANC koukus se teenstem aangeteken word teen die voorstel van die onttrekking van die woord “Vertroulik” in die agenda.

BESLUIT

1. Dat 'n aanbod gemaak word aan Mnr J Jacobs om die pos te aanvaar, en dat die Burgemeester gemagtig word om met hom te onderhandel oor aanstellings en kontrak voorwaardes.

2. Dat indien Mr J Jacobs die pos nie aanvaar nie, dat 'n aanbod gemaak word aan Mr N Nel om die pos te aanvaar en dat die Burgemeester gemagtig word om aanstellings en kontrak voorwaardes te onderhandel.

3. Dat die nodige verslag aan die Minister gestuur word soos vereis deur omsendskrywe 19 van 2011.

4. Dat die onsuksesvolle kandidate bedank word vir hul deelname in die proses.

Voorstel: Rdl A Stroebel
Sekondant: Rdl J Prins

Rdl E Dayimani noem dat as leier van die ANC Koukus wil hy die vergadering meedeel dat die ANC Koukus gekant is teen die proses. Hulle is nie gekant teen Mnr J Jacobs nie, maar wel gekant teen die proses van aanstelling wat gevolg is deur die munisipaliteit by die aanstelling van die Munisipale Bestuurder

Rdl C Taute versoek dat sy teenstem genotuleer word teen die besluit.

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

Die volgende ANC raadslede versoek ook dat hul teenstemme teen die besluit genotuleer word nl: Rdle E Dayimani, L February, A Hartnick, D Abrahams en F Hartnick.

Die ANC koukus distansieer hulle ook van die onderhandelingsproses wat gedoen gaan word met Mnr J Jacobs.

Die voorstel word aanvaar met die teenstem van die ANC Raadslede.

Die Speaker verdaag die vergadering om 15:32.

....

GOEDGEKEUR DATUM

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com